# AGRI SECURITAS TRUSTFONDS: PROSEDURE REëLINGS

Die oorhoofse doel van die Agri Securitas Trustfonds, wat ook die ondersteuning geniet van oud president Nelson Mandela en die huidige president, mnr Thabo Mbeki, is om ‘n aanvullende bydrae te maak tot die beveiliging van die landelike boerderygebiede. In dié opsig is meer as 77 misdaadbestrydingsinisiatiewe reeds befonds. Sodanige inisiatiewe sluit in ‘n pro-aktiewe misdaadinligtingsinsamelingsinisiatief, die verskaffing van radio’s en herleistelsels wat ten doel het om kommunikasie in noodsituasies te verbeter en die oprigting van valhekke om die beweging van voertuie te monitor. Ten einde misdaad pro-aktief te bekamp het die Fonds inligtingsbrosjures van die Weermag en SAPD gefinansier om sodoende inligting rakende veiligheidswenke aan boeregemeenskappe te voorsien. Laastens, finansier die Fonds ook traumaberadingswerkswinkels waar slagoffers van landelike misdaad berading ontvang en waar die polisie en maatskaplike werkers opgelei word om traumagevalle te hanteer.

Om die Raad van Trustees instaat te stel om ‘n behoorlike beoordeling van elke versoek te doen wil die Raad graag die volgende besonderhede aan u deurgee wat as riglyn kan dien in die saamstel van versoeke:

- ‘n Deeglike beskrywing van die gebied wat deur die projek geraak sal word.
- Hoe ver die grense strek van die gebied en watter boereverenigings word in die gebied ingesluit.
- Hoeveel boere is woonagtig in die gebied en hoeveel is aktiewe lede van die boerevereniging.
- Na raming, hoeveel plaaswerkers en afhanklikes is in die gebied woonagtig met ‘n aanduiding of daar ‘n plaasskool in die gebied geleë is.
- Wat is die finansiële posisie van boere in die algemeen en watter bydrae kan hulle tot die projek maak.
- ‘n Deeglike beskrywing van die aard en omvang van die misdaadprobleem in die gebied.
- ‘n Beskrywing van die beveiligingsprojek, hoe dit bedryf sal word, watter gesagstrukture bestaan om die projek te bestuur en watter rol die boerevereniging in die projek sal speel.
- Items waarvoor finansiering versoek word, moet gespesifiseer word, asook die koste daaraan verbonde wat ondersteun moet word deur 3 kwotasies.
- Is daar skakeling met die plaaslike polisie en watter rol sal hulle speel in die projek, indien wel.
- Hoe sal die projek bydrae om die misdaadprobleem te verbeter.

Die volgende prosedure behoort gevolg te word met die goedkeuring en afhandeling van ‘n aansoek:

- Nadat ‘n versoek saamgestel is met inagneming van bogenoemde aspekte, moet dit aan die plaaslike boerevereniging/en of bedryfsorganisasie voorgelê word vir goedkeuring.
- Hierna moet die versoek aan die provinsiale affiliasie of nasionale bedryfsorganisasie voorsien word vir goedkeuring, met ‘n aanduiding watter struktuur binne die affiliasie die versoek beoordeel en goedgekeur het en op watter datum, waarna die versoek na Agri SA deurgestuur sal word vir voorlegging aan die Raad van Trustees.
- Alle items wat befonds word sal die eiendom van die boerevereniging/en of geaffilieerde bedryfsorganisasie word en deur hulle onderhou word. Skriftelike bevestiging hiervan sal van die betrokke boerevereniging en / of bedryfsorganisasie verlang word voordat fondse oorbetaal word.
- Sodra fondse vir ‘n spesifieke projek goedgekeur is, sal die betrokke provinsiale affiliasie en/of bedryfsorganisasie skriftelik ingelig en voorsien word van die voorwaardes wat deur die Trustees gestel sou word.

Die Raad het reeds in beginsel besluit om nie die volgende items te oorweeg vir befondsing nie:

- Enige tipe voertuig.
- Radio’s aan individuele lede van ‘n boerevereniging. Die Raad sal egter oorweging skenk om radio’s te befonds vir beheerkamers en aan sleutelpersone wat per pligstaat aangestel is en aan sleutel rolspelers binne die landelike beveiligingsplan van die gebied of die beveiligingsprojek. ‘n Aansoek vir die befondsing van radio’s en/of ‘n radioherleier moet vergesel word van ‘n ICASA lisensie of ‘n afskrif van die aansoek vir sodanige lisensie.
- Bedryfskapitaal om ‘n projek te bedryf.

Dit is verder ‘n besluit van die Raad om nie fondse aan die begunstigdes oor te betaal nie, maar sover moontlik direk die diensverskaffer van die items te betaal nadat ‘n geldige BTW faktuur aan die Trustfonds gelewer is.

Ons vertrou dat u die inligting deur u strukture aan u boereverenigings sal deurgee om hulle in staat te stel om volledige voorleggings saam te stel.